VERTROULIK:

AGRI SA & NEDBANK

werk saam aan innoverende sonenergie-oplossings

Agri SA en Nedbank werk saam aan innoverende energie- en finansieringsoplossings vir Agri SA-lede. Die produkaanbieding sal ontwikkel word met 'n aanvanklike loodsfase, waarna dit op groter skaal uitgerol sal word. Die inisiatief sal boere help om te belê in hernubare (son) energie-oplossings, gerugsteun deur prestasiewaarborge en die mees betroubare verskaffers in die bedryf.

SLEUTEL VOORDELE VIR BOERE (AANWYSERS)

- **"Buite-balansstaat" finansiering ingevolge 'n huurkoopkontrak:** Die doel is om beperkte befondsing vir hierdie projekte te voorsien, dit wil sê die finansierder neem die bate (sonkraginstallasie) en huurkoopkontrak as sekuriteit. Eienaarskap word dan aan die einde van die huurkooptermyn aan die boer oorgedra, soortgelyk aan motorfinansiering.
- **Met finansiering deur middel van hierdie struktuur hoef u nie u transaksionele banksake na Nedbank te verskuif nie** aangesien dit nie gekoppel is aan ander Nedbank-produkte nie.
- **Deposito:** Boere betaal 'n deposito teen 'n hoogs bekostigbare persentasie. Daar is potensiaal om ontwikkelingsfinansiering te bekom as deel van die projek: die presiese depositobedrag sal afhang van die spesifieke projek en die breër finansieringsreëlings wat vir die loodsfase beding word.
- **Rentekoers:** Die rentekoers sal mededingend wees – nie eenvormig nie aangesien elke boer se kredietgradering verskil.
- **Finansieringstermyn:** potensieel 7-10 jaar, afhangend van die betrokke boer en die potensiaal vir ontwikkelingsfinansiering.
- **Die boer ontvang bykomende voordele,** byvoorbeeld gehalte versekering en prestasiewaarborge om te verseker dat hy/sy 'n gehalte langtermyn-bate aankoop.

DIE PAD VORENTOE

Die aanvanklike stap is om belangstellende boere in elke provinsie te identifiseer.
Ons benodig ons provinsiale affiliasies se hulp, om boere wat moontlik belang sal stel te identifiseer op grond van die volgende:

- *Boere met 'n relatief hoë energie-vraag*
- *Kredietwaardigheid*